

# Die deelnemingsparadigma as 'n addisionele paradigma in multi-praktisyns en praktykgeleide navorsingsprojekte

## Ian Marley

Senior Lektor  
Vakgroep Grafiese Ontwerp  
Noord-Wes Universiteit  
Potchefstroom Kampus  
E-pos: ian.marley@nwu.ac.za

## Rita Swanepoel

Navorsingsnisieler en Vakgroep Kunsgeeskiedenis  
Senior Lektor  
Noord-Wes Universiteit  
Potchefstroom Kampus  
E-pos: rita.swanepoel@nwu.ac.za

### **The participation paradigm as an additional paradigm in multi-practitioner and practice-led research projects**

This article explores the possibility that the participatory paradigm might be an appropriate research paradigm for creative practitioners to produce practice-led research. In the context of multi-practitioner arts-related practice-led research projects conducted in the Faculty of Arts at the North-West University, Potchefstroom Campus, it was determined that the critical theory paradigm is the most commonly used paradigm. Despite the fact that these projects were conceptualised as practice-led research projects very little practice-led research has been conducted. We contend that this is because creative practitioners have adopted the critical theory paradigm without understanding how the epistemological, ontological and methodological underpinning, negates the subjective exploratory tacit knowledge dimension, that is central to practice-led research. Practice-led research is regarded as a subjective exploratory journey by an individual or group of creative practitioners, which results in a creative production (artefact). This research is intuitive, and the epistemological gain lies in the contextualisation of the creative process and final artefact through reflection-in-action and reflection-on-action. This involves a critical contextualisation of the systematically documented process and its outcomes. In this context both the tacit and explicit dimensions of knowledge are important to form a holistic knowledge context. The participatory paradigm is a worldview based on a subjective-objective ontology which allows for a critical subjective epistemology that utilises experiential, presentational, practical (tacit) and propositional (explicit) ways of knowing. In this paradigm knowledge (as is the case with practice-led research) is viewed in holistic terms and it is thus contended that this is a conducive paradigm for practice-led research.

**Key words:** Participatory paradigm, multi-practitioners, practice-led research, art related projects, tacit and explicit knowledge

### **Die deelnemingsparadigma as 'n addisionele paradigma in multi-praktisyns en praktykgeleide navorsingsprojekte**

Hierdie artikel ondersoek die moontlikheid dat die deelnemingsparadigma 'n geskikte navorsingsparadigma vir kreatiewe deelnemers kan wees om praktykgeleide navorsing te produseer. In die konteks van multi-praktisyns en kunsverwante praktykgeleide navorsingsprojekte wat in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die NWU op die Potchefstroomkampus uitgevoer is, is vasgestel dat die paradigma wat die meeste gebruik word, is die krities-teoretiese paradigma. Ten spyte van die feit dat hierdie projekte gekonseptualiseer is as praktykgeleide navorsingsprojekte het min praktykgeleide navorsing hieruit gevloei. Ons aanvaar dat dit gebeur het omdat kreatiewe praktisyns die krities-teoretiese paradigma aangeneem het omdat hulle moontlik nie verstaan nie hoe hierdie paradigma se epistemologiese, ontologiese en metodologiese onderbou die subjektiewe en eksperimentele versweë kennisdimensie misken wat sentraal is in praktykgeleide navorsing. Praktykgeleide navorsing word beskou as 'n subjektiewe eksperimentele reis deur 'n individu of 'n groep kreatiewe praktisyns wat lei tot 'n kreatiewe produk (artefak). Hierdie tipe navorsing is intuïtief, en die epistemologiese wins lê in die kontekstualisering van die kreatiewe proses en die finale artefak deur reflektering-tydens-aksie en reflektering-op-aksie. Dit hou 'n kritiese kontekstualisering

in van die sistematiese gedokumenteerde proses en sy uitkomst. In hierdie konteks is sowel die versweë as eksplisiete kennisdimensies belangrik om 'n holistiese kennis konteks te skep. Die deelnemingsparadigma is 'n wêreldbeskouing gebaseer op 'n subjektief-objektiewe ontologie wat ruimte laat vir 'n kritiese subjektiewe epistemologie wat sowel eksperimentele, praktiese (versweë) en proposisionele (eksplisiete) kenniswyses insluit. In hierdie paradigma word kennis (soos in die geval van praktykgeleide navorsing) in holistiese terme beskou en het ons daarom tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n gepaste paradigma is vir praktykgeleide navorsing.

**Sleutelwoorde:** Deelnemingsparadigma, multi-praktisyns, praktykgeleide navorsing, kunsverwante projekte, versweë en eksplisiete kennis.

**V**erskeie kunstenaars en navorsers vanuit verskillende dissiplines het saam aan hierdie projekte gewerk. Die drie projekte was *Op die spoor van kreatiewe kreature* [*Tracking creative creatures*] (2007–2009), 'n interdissiplinêre ondersoek van die kreatiewe proses; *Oor die einders van die bladsy* [*Transgressions and boundaries of the page*] (2009–2011), 'n interdissiplinêre ondersoek van 'n praktykgeleide navorsingsprojek deur middel van die kunstenaarsboek, en die huidige projek, *Weerspieëling en weerklank: gesprekke oor tipografie, topografie en topologie* [*Reflective conversations: typography, topography and typology*] (2012–2014). Terwyl die eerste projek hoofsaaklik kreatiwiteit ondersoek het, is die tweede en derde projekte van die begin af as praktykgeleide navorsingsprojekte gekonseptualiseer.

In ooreenstemming met internasionale tendense word praktykgeleide navorsing dikwels uitgevoer as 'n samewerkende aktiwiteit (Rust *et al.* 2007). Dit hou in dat in hierdie tipe projekte word 'n tema vanuit verskillende perspektiewe deur 'n groep deelnemers ondersoek. So 'n interdissiplinêre projek in 'n akademiese en tersiêre konteks lei daartoe dat vanuit verskillende perspektiewe en rigtings geleer word, en dat ontwikkeling plaasvind in sowel praktyk- as teoretiese kennis (Gray & Malins 2004: 21; Nowotny 2011: xxv). Volgens Dean en Smith (2009: 20) het sodanige kunsverwante projekte die potensiaal om 'n verskeidenheid navorsingsaktiwiteite te lewer, naamlik akademiese navorsing wat krities-teoreties van aard is, navorsing-geleide praktyk, waar die navorsingsteorie die praktyk rig, en praktykgeleide navorsing waar die praktyk die navorsing rig. In hierdie konteks dra sowel teoretici as praktisyns by tot kennis aangaande die tema wat ondersoek word.

Bykomend beskou Smith en Dean (2009: 9, 23–24) die universiteitsomgewing as 'n bevorderlike omgewing vir kreatiewe, intellektuele en finansiële uitsette, omdat so 'n omgewing stimulerend is vir die sikliese uitruiling van kennis deur 'n samewerkende groep mense wat oor verskillende vaardighede, kundigheid, ervaring en talente beskik. Hulle argumenteer dat kreatiewe praktyke op universiteitsvlak optimaal benut word wanneer dit aktief betrokke is by ander interdissiplinêre navorsingsaktiwiteite, eerder as om geïsoleerd daarvan beoefen te word. Die verloop van die artikel is soos volg: Eerstens word die agtergrond en die konteks waarbinne die NWU-navorsingsprojekte uitgevoer is, bondig onder die loep geneem. Dit word gevolg deur 'n ondersoek na praktykgeleide navorsing. Ten einde 'n begrip te vorm van die deelnemingsparadigma, word aandag geskenk aan die krities-teoretiese paradigma, gevolg deur 'n ondersoek na die deelnemingsparadigma. Die artikel sluit af met 'n bespreking van praktykgeleide navorsing binne die akademiese konteks en die verwantskap met die deelnemingsparadigma, waarna slotbeskouings volg.

## **Kontekstualisering en agtergrond van die NWU-navorsingsprojekte**

Binne die konteks van die bogenoemde projekte deur die drie vakgroepe aan die NWU, asook in die konteks van hierdie artikel, behels kunsverwante praktykgeleide navorsingsprojekte

deur multi-praktisyns die samewerking van 'n aantal interdisiplinêre deelnemers wat 'n kunsverwante tema ondersoek aan die hand van praktykgeleide navorsing. Die grondliggende veronderstelling van hierdie projekte is om 'n verskeidenheid kunstenaars uit verskillende dissiplines uit te nooi om kunswerke vir 'n uitstalling met 'n voorafbepaalde tema te skep. Die kreatiewe prosesse en kreatiewe uitsette (kunswerke of artefakte) dien as 'n katalisator vir verdere bespreking, verkenning en die skryf van artikels vir geakkrediteerde joernale vanuit verskillende vakdissiplines (vgl. Greyling & Marley 2009: 1–29; Greyling *et al.* 2012).

Vir die projek *Oor die einders van die bladsy* is byvoorbeeld 40 kunstenaars vanuit diverse kreatiewe velde en dissiplines, soos die visuele kunste, skeppende skryfkuns en grafiese ontwerpers, genooi om kunstenaarsboeke vir die projek te skep. Die deelnemers het kunstenaars en navorsers van die NWU se Potchefstroomkampus, die Universiteit van Johannesburg, en die Universiteit van Pretoria ingesluit. Die projek het ook verskeie 'n gemeenskapsdimensies gehad, die betrekking van skoolkinders uit Promosa in Potchefstroom, asook in samewerking met die Tambani-gemeenskapsprojek wat onder leiding van dr. Ina Le Roux in Venda geleë is. Die deelnemers se kunstenaarsboeke is in 2010 uitgestal by drie groeputstallings, naamlik in Stellenbosch, Potchefstroom en Johannesburg.

Die *Oor die einders van die bladsy*-projek het getoon dat dit vir die skeppende dissiplines belangrik is om binne 'n volhoubare navorsingskonteks vir 'n eie posisie te onderhandel. Dit het ook geblyk dat die navorsingsparadigma waarin hierdie tipe praktykgeleide navorsingsprojekte val, ruimte moet laat vir die omskrywing en erkenning van kunspraktyke en versweë<sup>1</sup> of ingebedde kennis [*tacit knowledge*] as erkende en tradisionele navorsingsuitsette deur middel van geskrewe artikels as tekstuele (ook genoem eksplisiete) navorsing. Wat hiermee bedoel word, is dat in ooreenstemming met die verskeidenheid navorsingsaktiwiteite wat Dean en Smith (2009: 20) identifiseer, die doel van hierdie praktykgeleide navorsingsprojekte wat deur multi-praktisyns aan die NWU gekonseptualiseer is, juis bedoel was om so 'n holistiese en non-reduksionistiese tematiese ondersoek te fasiliteer.

Om die navorsingsdoelwitte te bereik, is hierdie projekte in vier fases bestuur: Fase een wat die konseptualisering, beplanning en voorbereiding behels het; Fase twee wat die kunsskeppingsproses was; Fase drie het kennisvoorlegging en die kommunisering van kennis behels, en Fase vier waarin die formalisering en disseminasie (verspreiding) van kennis plaasgevind het. Hierdie fases is spesifiek ontwerp ten einde die proses vanaf die uitstalling van die kreatiewe uitsette [Fase twee] waar die kreatiewe uitset as versweë kennis beskou word deur Fase Drie te fasiliteer na Fase vier wat die skryf van navorsingsartikels vir geakkrediteerde akademiese joernale behels. Dit is hierdie navorsingsartikels wat tradisioneel as erkende navorsingsuitsette gereken word. Wat die tweede projek, *Oor die einders van die bladsy* betref, was dit vanuit die staanspoor duidelik dat die insluiting van teoretiesgerigte dissiplines soos Kunstgeskiedenis, en skeppende, praktykgerigte dissiplines waaronder Grafiese Ontwerp en Skryfkuns, verskillende navorsingsbenaderings tot gevolg sou hê.

Alhoewel hierdie projekte gekonseptualiseer is as praktykgeleide navorsingsprojekte, is min van die navorsingsartikels wat uit die eerste twee projekte gevloei het, spesifiek toegespits op praktykgeleide navorsing. Van die agt navorsingsartikels wat voortgevloei het uit die eerste projek [*Op die spoor van kreatiewe kreature/Tracking the creative creatures*], is 'n artikel wat in die geakkrediteerde tydskrif *Literator* (2009: 1[30]) gepubliseer is, gebaseer op projekkontekstualisering (Greyling & Marley 2009: 1–29). Vier artikels sou beskryf kon word as 'n krities-teoretiese ontleding en interpretasie van die kreatiewe uitsette wat vir dieprojekuitstalling geskep is, byvoorbeeld dié van Swanepoel (2009: 31–54), Viljoen (2009:

55–76), Lotz (2009: 77–98) en Botha (2009: 99–124). Drie artikels spreek metodologiese kwessies ten opsigte van praktykgeleide navorsing aan, te wete Hattingh (2009: 125–148), Greyling (2009: 148–176) en Marley en Combrink (2009: 177–206).

'n Soortgelyke tendens is sigbaar in die tweede projek [*Oor die einders van die bladsy*], waarvan die navorsingsartikels wat uit die projek gevloei het, gepubliseer is in 'n tweede toegewysde uitgawe van die geakkrediteerde tydskrif *Literator* (2012 [33]: 1). In hierdie uitgawe, val agt van die twaalf navorsingsartikels binne 'n krities-teoretiese raamwerk, naamlik dié van Swanepoel, Paton, Swanepoel en Goosen, Combrink, Van der Walt, Botha, en Le Clus-Theron. Twee van die artikels fokus op die bestuur en metodologiese aspekte van praktykgeleide navorsing (Marley 2012; Swanepoel & van der Westhuizen 2012) en twee vestig wel die aandag op praktykgeleide navorsingsmetodologieë maar kan nie as streng gesproke praktykgeleide navorsing vanuit 'n ingeligte kunsperspektief beskou word nie (Greyling 2012; Kleyn 2012). Slegs een artikel, *The diary of Bertha Marks as a heterotopia, as articulated in the artwork, The Futility of Writing 24-Page Letters* (Farber & Dreyer 2012) in hierdie spesifieke *Literator* (2012 [33]1) kan beskou word as 'n teoretiesingeligte ondersoek van praktykgeleide navorsing.

Die artikel van Greyling (2013), getiteld *Tinboektoe toe: 'n ruimtelike ontdekkingsreis* wat in 'n latere uitgawe van *Literator* gepubliseer, bied moontlik die beste voorbeeld van 'n navorsingsartikel wat spesifiek gerig is op 'n teoreties-ingeligte praktykgeleide navorsingsondersoek van die eie praktyk. In hierdie artikel stel Greyling dat dit belangrik is om 'n ruimte te skep waarbinne navorsing in kreatiewe dissiplines binne die universiteitskonteks bevorder kan word. Sy stel dat dit daarom nodig is om die uitdagings en moontlikhede van praktykgebaseerde navorsingsbenaderings te ondersoek en te verstaan. In hierdie verband verwys Greyling na die eksperimentele en unieke aard van kunstenaarsboeke, asook die verskeidenheid werksaamhede wat deel van die skeppingsproses is. Dit kan 'n verhoogde bewussyn van die kreatiewe proses meebring, en ook 'n ruimte vir besinnende nadenke bied.

In lyn met bogenoemde bevindinge ten opsigte van die aard van die navorsingsartikels is alle aanduidings [soos afgelei uit die voorbereidende navorsingswerkswinkels, vergaderings en samesprekings in die vorm van *colloquium*] dat die artikels vir hierdie uitgawe van die *South African Journal of Art History* die heersende neiging sal voortsit, naamlik dat 'n meerderheid artikels binne 'n krities-teoretiese raamwerk sal val. Dit laat die vraag ontstaan waarom so min kreatiewe praktisyns praktykgeleide navorsing formaliseer, terwyl die projekte by uitstek ontwerp is om hierdie navorsingsmetode te akkommodeer. Wat nie buite rekening gelaat moet word nie, is dat kunshistorici byvoorbeeld – aangesien hulle nie self by kreatiewe prosesse betrokke is nie – binne 'n krities-teoretiese paradigma hul navorsing sal lewer. Kreatiewe praktisyns moet egter meer selfvertroue en vrymoedigheid neem om hul artikels as praktykgeleide navorsing te formuleer.

In hierdie artikel argumenteer ons dat die deelnemingsparadigma 'n geskikte paradigma is vir die uitvoering en ontwikkeling van praktykgeleide navorsing in kunsverwante projekte deur multi-praktisyns. Ons voer aan dat hierdie tipe projekte dikwels navorsing produseer wat inskakel in die krities-teoretiese paradigma wat nie as 'n geskik is om die persoonlike versweë kennisdimensie wat in die kreatiewe produksie manifesteer, te akkommodeer nie. Ons argumenteer voorts dat hierdie voorkeur van 'n krities-teoretiese paradigma moontlik kan saamhang met die kort tydsbestek waarin kreatiewe dissiplines in die universiteitskonteks geïntegreer is sedert 1994 tydens die samesmelting van teknikons en universiteite in Suid-Afrika. Dit kom voor asof kreatiewe praktisyns bloot die mees gevestigde navorsingsbenadering, naamlik die krities-teoretiese benadering, aanvaar het vir hulle navorsing in die kreatiewe dissiplines. In die lig

hiervan argumenteer ons dat hierdie aanvaarding nie die resultaat is van ingeligte ondersoek na wat die mees relevante benadering of navorsingsparadigma is nie. Dit kan eerder beskou word as 'n konformistiese posisie ten opsigte van 'n gevestigde navorsingskriterium.

### **Praktykgeleide navorsing**

Die behoefte om 'n relevante navorsingsparadigma vir praktykgeleide navorsing te identifiseer, is 'n internasionale en globale behoefte. In terme van navorsingsparadigmas het Guba (1990), Lincoln (1990) en Guba en Lincoln (1994) in hul ondersoek die positivistiese, post-positivistiese, krities-teoretiese en die konstruktivistiese paradigmas ondersoek en oorweeg as moontlike paradigmas om alles te omvat. In kritiek op Guba en Lincoln, stel Heron en Reason (1997) egter dat 'n bykomende paradigma, naamlik die deelnemingsparadigma by die bestaande paradigmas gevoeg moet word. Hul motivering vir die skep van 'n bykomende paradigma was hul oortuiging dat bogenoemde paradigmas te kort skiet en nie voldoende ruimte bied vir eksperimentele kennis nie. Die rede hiervoor is dat eksperimentele en praktykgerigte kennis verband hou met versweë kennis en reflektiewe praktyk. Onafhanklik van Heron en Reason het Gray en Malins (2004: 20) in hul *Visualizing research* na die paradigmatische bogenoemde tabel deur Guba en Lincoln (1994: 78) verwys. Hierdie tabel het 'n beskrywing van die bestaande positivistiese, post-positivistiese, krities-teoretiese en konstruktivistiese paradigmas bevat. Gray en Malins het egter 'n vyfde, oop kolom bygevoeg met die opskrif getiteld *Kunstige? (Artistic?)* met 'n vraagteken as 'n nuwe opvolgende paradigma. Hiermee impliseer die outeurs dat nie een van die bestaande paradigmas geskik is vir praktykgeleide navorsing nie en dat 'n behoefte aan 'n vyfde paradigma bestaan waarin praktykgeleide navorsing kan tuishoort. Haseman (2006) en Biggs en Büchler (2011) het bykomend die behoefte vir 'n meer geskikte paradigma vir praktykgeleide navorsing wat die versweë kennisdimensie akkommodeer, uitgespreek.

Soos genoem, het die wyse waarop kreatiewe dissiplines binne die Suid-Afrikaanse universiteitskonteks geïntegreer is, 'n belangrike rol gespeel in die aanvaarding van 'n krities-teoretiese raamwerk deur kunsverwante dissiplines en Kunstgeskiedenis. Die kreatiewe dissiplines het gevolglik probeer om binne hierdie heersende navorsingsparadigma te werk, in plaas daarvan om geleidelik 'n eie navorsingskultuur te ontwikkel. Hierdie situasie hou 'n epistemologiese krisis in, aangesien die krities-teoretiese paradigma nie die versweë kennisdimensie voldoende akkommodeer nie. Daarom beskou die outeurs [Marley en Swanepoel] die krities-teoretiese paradigma nie as die mees geskikte navorsingsparadigma vir praktykgeleide navorsing nie.

Twee beslissende aspekte is fundamenteel tot praktykgeleide navorsing waaruit die onversoenbaarheid met die krities-teoretiese paradigma ontstaan. Die eerste aspek is dat praktykgeleide navorsing 'n persoonlike artistieke proses behels. So 'n persoonlike proses is subjektief van aard en word vanuit 'n intrinsieke perspektief beskryf en verduidelik. Dit is nie die geval waar 'n objektiewe eksterne lees en interpretasies van kunswerke vanuit 'n spesifieke teoretiese raamwerk gebied word nie (Kjorup 2011: 28–33; Borgdorff 2011: 47–51). Dit beteken nie dat teorie nie 'n rol te speel het in die praktykgeleide navorsingsproses nie, maar eerder dat die teorie afgelei word van, en gebruik word om die begrip van die praktyk te verklaar en te ondersoek. Die tweede aspek is dat die versweë kennis wat ingebed is in die artefak beskou word as van net soveel belang as die tekstuele eksegeese in die kommunikasie en verspreiding van kennis. 'n Behoefte om anders oor navorsing te dink is geïdentifiseer wat praktykgeleide navorsing in 'n ander, meer gunstige navorsingsparadigma posisioneer (Biggs 2002: 4).

Dit wil dus voorkom of die projekte wat deur hierdie navorsingnis uitgevoer is, gemaklik sou inpas in die deelnemingsparadigma, aangesien hierdie paradigma geskik is vir praktykgeleide navorsing (vgl. Heron 1996; Heron & Reason 1997). Terwyl ons kennis dra van die feit dat die krities-teoretiese paradigma gegrond is in die ervaringsbegrip, bied die deelnemingsparadigma 'n meer subjek-objek-ontologie wat uit vier verwante modaliteite bestaan, naamlik die ervaringsbegrip, kreatiewe-aanbiedings-, proposisionele en praktykskennis (Heron & Reason 1997: 280). Gevolglik stel ons dat hierdie omvattende epistemologie 'n gestruktureerde benadering bied tot sowel die versweë as die eksplisiete kennisdimensies.

Om 'n nuwe navorsingsparadigma te aanvaar is geensins 'n eenvoudige saak nie. Heersende navorsingsparadigmas word in stand gehou en ondersteun deur 'n reeks institusionele kriteria en substrukture wat noodwendig afgebreek moet word in die proses om aan te beweeg na 'n nuwe paradigma. Tensy kreatiewe praktisyns die fundamentele grondslag van hul navorsing aanspreek, sal hulle nie in staat wees om praktyk en die verwante interpretasies van kreatiewe uitsette sentraal in hul navorsingsaktiwiteite te stel nie.

Om die bogenoemde stellings te staaf, word die volgende aspekte aangespreek. Eerstens bied ons 'n uiteensetting van wat praktykgeleide navorsing behels binne die konteks van hierdie praktykgeleide navorsingsprojekte deur multi-praktisyns. Daarna word die krities-teoretiese paradigma gekontekstualiseer ten einde 'n motivering te bied waarom dit problematies is om praktykgeleide navorsing- en praktyk binne hierdie paradigma tot verwerkliking te bring. Daarna word die deelnemingsparadigma onder die loep geneem as 'n moontlike alternatiewe, alhoewel geensins 'n onproblemitiese plaasvervangende paradigma nie.

Praktykgeleide navorsing is op sigself nie 'n onproblemitiese konsep nie. Navorsing binne die kreatiewe dissiplines sou beskou kon word as 'n spektrum van aktiwiteite met kreatiewe uitsette aan die een kant en suiwer tekstuele navorsingsuitsette aan die ander kant (vgl. Haseman 2006). Binne hierdie konteks verteenwoordig en akkommodeer die intermedieë sone verskillende kombinasies van versweë kennis (soos aangebied deur die artefak) en tekstuele uitdrukking. In so 'n intermedieë sone sal praktykgeleide navorsing 'n plek vind, alhoewel dit 'n nomadiese plek sal wees. Sodoende kan kuns sy beperkinge oorskry deur die artikulering en verduideliking van die artistieke praktyk in 'n verskeidenheid kommunikasiemodaliteite wat dit in staat stel om 'n bydrae tot die akademiese terrein te lewer. (Mäkelä & Routarinne, 2006; Durling & Niedderer 2007; Biggs & Büchler 2008; Borgdorff 2011; Scrivener 2009; Munro 2011).

Indien praktykgeleide navorsing geposisioneer word binne 'n toepaslike navorsingsparadigma, kan die akademiese milieu se grense verbreed word deur verskeie kennisvorme en praktykgeleide metodologieë te akkommodeer. Anders gestel, kreatiewe praktyk en akademiese kriteria kan sodoende verenig word in 'n navorsingsbenadering en bydra tot, en verryking bied vir albei dissiplines (Borgdorff 2011: 44 vgl. Munro 2011). Praktykgeleide navorsing behoort gevolglik binne die akademiese konteks, maar behoort terselfdertyd nie beperk te word deur 'n vernouende en ontegenwoordigende konseptualisering van navorsing nie. Daarom moet praktykgeleide navorsing 'n skakel met tradisionele [tekstuele] navorsingsuitsette behou, maar moet dit sekere aspekte herbedink om die spesifieke aard van kreatiewe praktyk te behou (Sullivan 2006: 26).

Praktykgeleide navorsingsuitsette wat uitgevoer word binne die akademiese milieu as deel van 'n formele akademiese kwalifikasie, of wat deur 'n normale keuring- en evalueringsproses gegaan het, moet terselfdertyd aan die meganismes van akademiese verantwoordbaarheid

voldoen om as navorsingsuitsette gereken te word. Die kunswerk is 'n essensiële deel van die navorsingsuitsette, en moet ondersteun word deur 'n tekstuele navorsingsdokument waarin die konsep, argumente en navorsingsvoorstel gekontekstualiseer en verduidelik is. Kennis moet geneem word dat praktykgeleide navorsing behoort nie vasgevang te word deur bestaande akademiese kriteria nie, maar behoort 'n posisie te vind wat kreatiewe praktyk akkommodeer en toelaat om 'n bydrae tot kennisskepping te lewer. Gevolglik, en dit is belangrik, waarsku Scrivener and Chapman (2004) dat 'n mens nie die ware aard en karakter van kunsverwante navorsing in die konseptualisering- en skeppingsproses van oorspronklike artistieke produksies moet verloor nie. Navorsing binne hierdie konteks is gemoeid met die oorspronklike insigte en gespreksbegrip ten opsigte van die kunste. Hiermee gaan Biggs (2002b: 23) akkoord en stel verder dat kennis en begrip bevorder word deur die kombinasie van die kreatiewe uitsette en kennis wat inherent in die kunswerk is, asook die kritiese eksegese daarvan. In hierdie sin word die kreatiewe uitset beskou as 'n vorm van versweë kennis, terwyl die eksegese daarvan eksplisiete kennis behels.

In lyn met bogenoemde, is die outeurs in ooreenstemming met Farber (2010: 2) se stelling dat praktykgeleide navorsing 'n self-reflektiewe vorm van navorsing is waarin artistieke produksie/kunsskepping gesien moet word as sentraal tot die ondersoek. Volgens Farber behoort die kunspraktisyn 'n kritiese eksegese van die werk te voorsien en die kreatiewe uitset te posisioneer binne 'n wyer kontekstuele en historiese raamwerk.

Reflektering in en op die kreatiewe skeppingsproses deur die kunstenaar is 'n fundamentele deel van die navorsing. Bykomend behoort die navorsingsbevindinge versprei te word. Dit word gedoen deur 'n kombinasie van kennismodaliteite, wat die kreatiewe uitset en die eksegese daarvan insluit. Dit beteken dat die ondersoekende navorsing nie deur 'n bepaalde hipotese of sentrale teoretiese stelling gelei word nie, maar wel deur reflektiewe praktyk (vgl. Biggs 2002b: 23; Mäkelä & Routarinne 2006).

### **Die krities-teoretiese paradigma**

Hierdie afdeling bied 'n kort oorsig oor die krities-teoretiese paradigma en dui aan waarom hierdie paradigma nie as 'n geskikte paradigma vir praktykgeleide navorsing beskou word nie. Dit beteken nie dat die lees en interpretasies van kunswerke nie relevant is in praktykgeleide projekte deur multi-praktisyns nie. Ons maak eerder die voorstel dat 'n meer relevante paradigma vir praktykgeleide navorsing bestaan wat langs die krities-teoretiese paradigma funksioneer. Hierdie dubbel-geartikuleerde paradigmatische ondersoek sal volgens ons 'n meer holistiese verduideliking van praktykgeleide navorsing in die deelnemingsparadigma bied.

Oor die algemeen word die krities-teoretiese, konstruktivistiese en die deelnemingsparadigmas beskou as interpretatiewe paradigmas. Hiermee word nie bedoel dat hierdie paradigmas die "waarheid" as 'n feitelike weergawe onthul of aanbied soos in die geval van 'n natuurwetenskaplike inductiewe, positivistiese benadering nie. Binne hierdie paradigmas vind ons 'n bewuswording van die kompleksiteit van die werklikheid en hiermee saam dat interpretasies feilbaar en daarom oop is vir herondersoek en herinterpretasies. Hiervan is die neo-Marxiste van die Frankfurter Schule se kritiese teorie 'n klinkklare voorbeeld. Die *Frankfurter Schule* neem Marxisme as vertrekpunt om sosiale vraagstukke na die Eerste Wêreldoorlog te ondersoek, maar stel dat die aard van politieke, ekonomiese en sosiale kwessies in Europa sodanig verander het dat dit op 'n wyer basis aangepak moet word. Die ouer [en ortodokser vorme van] Marxisme kon nou bloot 'n perspektief op die sosiale problematiek bied en moes

verder gevoer word (vgl. O'Connor 2000: iii). Een van die kernaspekte van die neo-Marxiste van die *Frankfurter Schule* is hul kritiek op die positivistiese en opvatting van empirisme as 'n metode van wetenskaplike ondersoek uit die natuurwetenskappe. Hierdie wetenskaplike benadering word onveranderd toegepas op die sosiale wetenskappe en gepaardgaande vraagstukke. Empirisme, gebaseer op 'n induktiewe benadering van ondersoek, impliseer vir die neo-Marxiste, soos verwoord deur Marcuse (1964: 176), dat mense nie mag dink nie, en absoluut op sogenaamde objektiewe en wetenskaplike "feite" moet staatmaak. Marcuse (1964: 172, 178) wys daarop dat in 'n empiries-induktiewe benadering gesoek word na algemene verskynsels en algemeenhede in die werklikheid – iets wat nie sommer so vir die sosiale wetenskappe geld nie. Die rede hiervoor is dat 'n samelewing nie 'n statiese fenomeen is nie, maar 'n voortdurende proses wat verandering impliseer. Hiervoor laat 'n induktiewe benadering nie voldoende ruimte nie (vgl. Snyman 1987: 163–164). Die neo-Marxiste poog om empirisme te vervang met 'n dialektiese ervaringsbegrip. Sodoende ontwikkel hulle hul Kritiese Teorie wat gebaseer is op 'n dialekties-teoretiese begronding wat spesifiek toegespits is op 'n ondersoek na die samelewing en sosiale vraagstukke (Horkheimer 1974: 42).

In dié konteks vorm die ervaringsbegrip van *das Nichtidentische* die basis van die neo-Marxisme se kritiese teorie en lê die grondslag vir die ontwikkeling van ander dialektiese teorieë soos feminisme en post-kolonialisme. Volgens Guba (1990: 23) en Borgdorff (2011: 48) word kritiese teorie gebruik as 'n oorkoepelende term wat kritiese teorieë soos neo-Marxisme, feminisme en en semiotiek insluit, om 'n paar te noem. Hierdie krities-teoretiese benaderings tot die interpretasie van kunswerke word paradigmatisies gegroepeer binne die krities-teoretiese paradigma omdat hulle die objektiewe, empiriese kennis aanspraak van die positivistiese en post-positivistiese verwerp.

Kritiese teoretici bevraagteken en dekonstrueer komplekse sosio-politiese, kulturele, historiese, etiese en genderkwessies deur middel van 'n geselekteerde teoretiese raamwerk (Guba 1990: 23). Die metodologiese benaderings wat deur die genoemde kritiese teorieë gesuggereer word, reflekteer die subjektiewe waardes van die navorsers. Afhangend van die betrokke teoretiese perspektiewe, word 'n besondere agenda bevorder en daardeur word sekere individue [die sogenaamde *ander* of *das Nichtidentische*] bemagtig terwyl die "self" [in magstposisies] ontmagtig word, in wat beskou kan word as 'n politieke daad (Guba 1990: 24; Lincoln 1990: 71). Dit kom daarop neer dat vanuit hierdie teoretiese perspektiewe die [voormalige] onderdrukte en oningeligte bemagtig word tot 'n vlak van eie bewuswording wat hulle in staat stel om die wêreld te verander of te transformeer (Henning 2004: 23). Hierby inbegrepe is die inskakeling by, en 'n krities-dialektiese proses van dekonstruering van 'n ou of bestaande orde en die rekonstruering van 'n nuwe ervarings- en kennisbegrip. Krities-teoretiese benaderings verwerp die sogenaamde objektiewe waarheid en is agterdochtig jeens metanarratiewe en ander ideologiesgedrewe oneweredige magstrukture as die voorhou van 'n valse werklikheid en bewussyn. Guba beskryf dit soos volg:

... one might expect critical theorists (ideologists) to reject a realist posture. For if there is a real state of affairs then it seems unreasonable to argue that value positions that inquirers might take, could influence it. Moreover, a real reality requires an objective epistemological approach to uncover it – as positivists and post-positivists have claimed all along. But, for whatever reason, critical theorists (ideologists) have elected to believe in an objective reality – as the phrase commonly used by them, "false consciousness," readily demonstrates because it implies that there is a "true consciousness" somewhere "out there," or more likely, possessed by the inquirer or some better-informed elite (Guba 1990: 24).



Ontologies gesproke, het Guba (1990: 25) aanvanklik kritiese teoretici gekategoriseer as kritiese realiste soos in die geval van post-positiviste. Die term kritiese realiste is egter hersien en vervang met 'n meer toepaslike term historiese realisme (Guba & Lincoln 1994: 110). Historiese realisme verwys na 'n verklaarbare werklikheid wat oor tyd heen hervorm is deur sosiale, politieke, kulturele, ekonomiese, etiese en genderfaktore. Epistemologies, is die kritiese teorie 'n bemiddelende ondersoek wat teoriegedrewe is. Daarom is dit 'n subjektiewe, onderhandelbare en transformerende proses wat beïnvloed word deur die navorser sowel as die bepaalde krities-teoretiese raamwerk waarbinne die navorsing plaasvind. Hierin lê die verband tussen die epistemologie en die ontologiese benadering van die krities-teoretiese raamwerke (Guba 1990: 25; Guba & Lincoln 1994: 110).

Methodologies behels die krities-teoretiese benaderings metodes om die valse bewussyn in die werklikheid bloot te lê te en inisieer en fasiliteer die metodologies-teoretiese benaderings as 't ware die verandering in die ervaring- en kennisbegrip van die werklikheid (Guba 1990: 25). Hierdie proses is dialogies van aard aangesien 'n dialekties-onderhandelende dialoog tussen die navorser en dit wat ondersoek word, vereis word (Guba & Lincoln 1994: 110). Sodoende word die semiotiek, dekonstruksiedenkwyse, postkoloniale kritiek en feminisme as teoretiese onderbou gebruik om kunswerke en kunspraktyke te interpreteer. Betekenis [of die gebrek aan betekenis in 'n dekonstruksiedenkwyse] word binne die raamwerk van 'n bepaalde teoretiese perspektief ondersoek, gedokumenteer en gedissemineer deur middel van tekstuele navorsingsuitsette (Borgdorff 2011: 48). In hierdie verband stel Schrivener (2002) dat,

However, the art literature is largely comprised of claims to knowledge of what artworks mean, etc., and justifications of those claims. In short, the art literature comprises a "body of knowledge" about art and artists produced by a separate knowledge acquisition discipline that takes these phenomena as matter for study (Scrivener 2002: 7).

Terwyl genoemde kritiese teoretiese benaderings nuttig kan wees vir kreatiewe praktisyns om hul eie kreatiewe prosesse en werke te verstaan, bied praktykgeleide navorsing die nodige raamwerk en ondersteuning vir kreatiewe prosesse en persoonlike reflektiewe praktyke (Borgdorff 2011: 51; Munro 2014: 4). Praktykgeleide navorsing word beskou as 'n verkenningsstog wat die navorsing rig vanaf die "onbekende na die bekende" met 'n oneindige aantal interpretasiemoontlikhede (Sullivan 2011: 100). Praktykgeleide navorsing laat met ander woorde ruimte vir die onvoorspelbaarheid en veranderlikheid van die artistieke proses of kunsskepping in die navorsingskonteks (vgl. Borgdorff 2011: 57; Sullivan 2006: 19; 2011: 17; Slager 2011: 335; Scrivener 2004: 2; Candy & Edmonds 2011: 120). Hierdie navorsingsproses word gerugsteun deur teorie maar word essensieel deur die kreatiewe proses gelei en dra by tot kennisverwering deur die kommunisering van die denkproses wat tot die artefak onder bespreking aanleiding gegee het. As sodanig, en in teenstelling tot die krities-teoretiese paradigma, is die kunstenaar se perspektief in die skep van die artefak fundamenteel. Bykomend word praktykgeleide navorsing nie gedryf deur 'n sentrale teoretiese standpunt (soos in die geval van krities-teoretiese interpretasies nie). So 'n moontlike hipotese of sentrale teoretiese stelling word in die kreatiewe skeppingsproses "ontdek". Kennis is ingebed in die artefak en hierdie kennismodaliteit moet geëvalueer en gekommunikeer word in die kommunikasie- en kennisverspreidingsproses. As sodanig is 'n epistemologie wat versweë kennis en die kommunikasie daarvan waardeer, essensieel in praktykgeleide navorsing.

Soos in die inleiding genoem, is die deelnemingsparadigma bekendgestel ten einde die begrip tuis te bring dat eksperimentele, en by implikasie versweë kennis, nie voldoende verteenwoordig word in die navorsingsprektrum van Guba en Lincoln (1994: 78) nie. Ons het voorts aangevoer dat die deelnemingsparadigma geskik kan wees vir praktykgeleide navorsing.

In die volgende afdeling word die kenmerke van die deelnemingsparadigma onder die loep geneem om hierdie argumentasielyn te verhelder.

## **Deelnemingsparadigma**

Die werklikheidsbeskouing wat die deelnemingsparadigma ondersteun, is dat die ervaringsbegrip fundamenteel is in die wyse waarop mense met andere en met die werklikheid omgaan. In hierdie verband is die neo-Marxisme se kritiese teorie vanuit die ervaringsbegrip van *das Nichtidentische* 'n fundamentele stap in die rigting van die ontwikkeling van die deelnemingsparadigma. Die ervaring van die werklikheid is nie net 'n intellektuele konstruk soos wat sommige sosiale konstruktiviste argumenteer nie, maar is gebaseer op ons ervaring van die totale werklikheid. Die ervaringsbegrip wat weergegee kan word in die simboliese vorme van kuns en taal, gaan die skeppingsproses vooraf (Heron & Reason 1997: 276). Alhoewel die deelnemingsparadigma self-reflektiwiteit as konstruk in gemeen het met die konstruktivistiese paradigma, is die deelnemingsparadigma meer inklusief omdat dit 'n samestelling van 'n werklikheid bied wat die liggaamlike ervaring beklemtoon, asook die interaksie met ander werklikheidsbeskouings:

The participatory worldview, with its emphasis on the person as an embodied experiencing subject among other subjects, its assertion of the living creative cosmos we co-inhabit, and its emphasis on the integration of action with knowing, is more satisfying (Heron & Reason 1997: 275).

Die kritiek teen die konstruktivistiese, positivistiese en post-positivistiese paradigmas is juis geleë in die gebrekkige en ontoereikende erkenning van die ervaringsbegrip (Heron & Reason, 1997: 277). Alhoewel die krities-teoretiese paradigma volle erkenning aan die ervaringsbegrip gee, bied die deelnemingsparadigma 'n uitgebreide epistemologie wat meer geskik is vir die aanwending van kennis verkry deur die proses van kreatiewe produksie en die gevolglike kreatiewe uitset. Die deelnemingsparadigma verteenwoordig met ander woorde 'n fundamentele vertrek- of skeidingspunt in sy ervaringsbegrip en -belewenis van die werklikheid waarin kennis nonreduksionisties is, en waar geen onderskeid getref word tussen liggaam en bewussyn nie. Dit skakel in met Polanyi (1966a: 1) se meer holistiese konseptualisering van kennis wat die positivistiese en post-positivistiese se aanhang van sogenaamde objektiewe kennis verwerp. Die holistiese en nonreduksionistiese konseptualisering van kennis in die deelnemingsparadigma hou verband met die differensiële aspek van Polanyi se werk, naamlik die oorkoming van die teorie-praktyk-, gees- liggaam dichotomie. Gevolglik aanvaar die deelnemingsparadigma 'n subjektief-objektiewe ontologie, naamlik die mens se bewustelike ervaring van en inskakeling by die volle werklikheid. Die mens se beeld van die werklikheid word geskep deur ervarings, denke, die wêreld en ander subjekte. Hierdie beeld is subjektief en terselfdertyd mede-skeppend met ander subjekte in onderlinge interaksie. Sodoende word ruimte geskep vir veelvuldige perspektiewe. Ontmoetings in die werklikheid word geassimileer deur sensoriese ervarings wat die mens inlig, nie net ten opsigte van 'n selfbewussyn nie, maar ook oor andere en oor die wêreld en werklikheid waarin ons bestaan. In wese is 'n mens se begrip van die werklikheid en die wêreld onderworpe aan hul interaktiwiteit met ander mense in 'n intersubjektiewe veld. Begrip word gefasiliteer deur sowel ooreenstemmings as verskille, gedeelde en uiteenlopende kulturele beskouings, norme, taal en kuns (Heron & Reason 1997: 280).

In hierdie verband stem Polanyi (1966b: 30) se perspektiewe op persoonlike en eksperimentele *inlewing* (*indwelling*) en Schön (1983: 79) se begrip van reflektiewe praktyk en reflektiewe praktikum ooreen en kan dit in die deelnemingsparadigma geakkommodeer word. Die rede hiervoor is dat al hierdie konsepte die gebruik van persoonlike ervaring wat afgelei word uit die intuïsie, emosies, vaardigheid en liggaamlike kennis, voorstaan.

Daarby is reflektiewe praktisyns en die beskouings ten opsigte van ondersoekende inlewing (*indwelling*) relevant in die daarstelling van intersubjektiewe velde, wat sowel kennisskepping as -deelname bevorder. In hierdie konteks word die navorser/praktisyn, sowel individueel as in samewerking met andere, beskou as 'n agent van verandering wat in reflektiewe gesprek tree met die self, met andere en met die situasie. Hierdie navorsing van Polanyi en Schön is wyd aanvaar.

Epistemologies word die deelnemingsparadigma gekategoriseer as kritiese subjektiwiteit met vier tipes kennis. As gevolg van die subjektief-objektiewe ontologie en nonreduksionistiese konseptualisering van kennis, is dit vanselfsprekend dat verskeie tipes van kennis nodig is wat hul ontstaan in die ervaringsdimensies het. Daarom tree die kenner ("een wat weet") interaktief op in die wêreld deur vier interverwante kennismodaliteite naamlik ervarings-, aanbiedings-, proposisionele- en praktykgerigte kennis (Heron & Reason 1997: 280). Die doel is om bewus te wees van die vier tipes kennis en dit so akkuraat moontlik te implementeer in die kommunisering van die werklikheid. Hierdie vier tipes kennis verminder die moontlikheid van vooroordeel in die interpretasie van kreatiewe uitsette.

1) Praktykgerigte of praktiese kennis is die vermoë om 'n bepaalde praktiese vaardigheid uit te voer. Dit is dikwels gegrond in ervaring en proposisionele kennis en kom tot verwerkliking in 'n uitstalling of ander aanbiedingsformaat (Heron & Reason 1997: 281) waarvan die vlak bepaal word deur die praktisyn se repertoire (Polanyi 1962: 6). Ander terme wat hierdie tipe kennis beskryf, is prosedurele kennis of vaardigheidskennis (Niedderer 2007: 9). Die kwaliteit van praktiese kennis verbeter deur ervaring, repetisie, talent en ooreenstemmende integrasie met die teoretiese konstruk. Hierdie siening van praktiese kennis is soortgelyk aan Schön se (1987: 22) konsep van kunsvaardigheid.

2) Eksperimentele kennis is die proses waardeur ons ervarings verstaan soos afgelei vanuit die werklikheid en mense in die werklikheid. Volgens Niedderer (2009: 5) word terme soos beliggaamde kennis en persoonlike kennis as wissel terme vir eksperimentele kennis gebruik. Terme soos versweë en inherente of ingebedde kennis staan in 'n noue verbondheid tot ervarings- of eksperimentele kennis.

Eksperimentele kennis is 'n persoonlike resonansie met die werklikheid deur ervaring en perseptuele representasies (Heron & Reason 1997: 281). Eksperimentele kennis is dikwels prelinguisties en maak staat op 'n gemeenskaplike verstaan van nie-linguistiese ekspressiewe tekens (Heron 1996: 206). Die beskouing van die onmiddellike en sentrale strukturele dimensies van versweë kennis en inlewing (*indwelling*) is in hierdie geval betekenisvol (Polanyi 1962; 1966a; 1966b). Die proksimale dimensie word in die geheue en gevoelens gestoor en vind uitdrukking deur gebare, optredes en beelde. Alhoewel dit kultureel gekontekstualiseer is, het elke persoon 'n individuele ervaring van die werklikheid en dus 'n unieke proksimale berging van kennis. Daar is 'n interverwante en dubbelsinnige verhouding tussen gedeelde of kollektiewe en persoonlike ervaring. Eksperimentele kennis daag die dualistiese verhouding tussen liggaam en gees uit deur in die ervaring te setel. Sodoende laat dit ruimte vir die samehang en interverwantskap van proksimale en sentrale dimensies om betekenis te verstaan. Alhoewel taal dikwels gebruik word om Eksperimentele kennis onder woorde te bring, word die kommunisering van Eksperimentele kennis geproblematiseer deur die afhanklikheid van die onsekere prelinguistiese bestaan daarvan. As sodanig, word aangebode kennismodaliteite dikwels gebruik om aspekte van eksperimentele kennis te kommunikeer.

3) Aanbiedings of voorstellingskennis is gegrond in eksperimentele kennis (Heron 1996: 33–34, 53). Dit behels die verstaan en waardering van betekenis, patrone en betekenispatrone wat uit die Eksperimentele kennis afgelei word. Gevolglik sluit aanbiedingskennis in en vind uitdrukking in die proksimale verskeidenheid en die dubbelsinnigheid van Eksperimentele kennis. Dit verteenwoordig Eksperimentele kennis as metafore en estetiese skeppings deur middel van grafiese, visuele, musikale, vokale en mondelinge kunsvorms (Heron & Reason 1997: 281). As sodanig probeer dit nie individuele begrip of interpretasie beheer nie, maar nooi dit eerder ondersoekende, verbeeldingryke en interpretatiewe ondersoekende reise uit wat in die produksie van artefakte neerslag vind.

4) Propositionele kennis is 'n taalgebaseerde verklaring wat normaalweg gegrond is in 'n teoretiese raamwerk. Sommige terme wat as wissel terme vir proposisionele kennis gebruik word, is konseptuele kennis, teoretiese en eksplisiete kennis, asook verklarende kennis (Niederer 2007: 9).

In terme van die deelnemingsparadigma kan tot die gevolgtrekking gekom word dat geskrewe verklarings en/of teorieë afgelei word van eksperimentele en aanbiedingskennis en deur taal gekommunikeer word. Taal is dus 'n instrument om te kontekstualiseer, betekenis te verhelder en om aandag te vestig op verwante kontekstuele betekenis, konsepte en interpretasies (Heron & Reason 1997: 281).


Die gebruik van taal wat bestaan uit 'n meer samehorige sintaksis tussen simbole (letters) en dit wat beskryf word, is nuttig om ondubbelsinnig te kan kommunikeer. Hierdie vermeende universaliteit van taalkommunikasie (Nonaka & Von Krogh 2009: 636) is die rede waarom dit as so waardevol geag en geprioritiseer word in die akademiese konteks. Taal kan egter nie al die aspekte van aanbiedings, eksperimentele en praktiese kennis voldoende kommunikeer nie. Daar is twee kompliserende faktore. Eerstens is daar die verskeidenheid en veelvoudigheid van interpretatiewe of vertolkingsmoontlikhede met betrekking tot eksperimentele en aanbiedingskennis. Tweedens is daar die tekortkoming van taal om suiwer ervaring of praktyk vas te vang. Alhoewel tekste die ervaring van, of luister na musiek, en ook die wyse van aanskoue van 'n skildery kan beïnvloed, kan dit nie die wesenlike luister- en aanskouingservaring vervang nie. Daarom bestaan die behoefte om multimodale, implisiete kommunikasiemodaliteite in samehang met proposisionele kennis te gebruik. Soos vroeër bespreek, is hierdie dubbele artikulasie van die implisiete en eksplisiete dimensies fundamenteel tot versweë kennis, reflektiewe praktyk en praktykgeleide navorsing.

Die interaksie van verskillende tipes kennis binne die deelnemingsparadigma is gekonseptualiseer deur die tweepolige ooreenstemming as 'n dialektiese proses [kyk figuur 2] (Heron 1996: 167). In die eerste plek bestaan nonreduksionistiese kennis uit 'n opeenvolgende vier-laag piramidiese struktuur waarin kennis sowel gegrond is, en ondersteun word deur die voorafgaande laag. Sodoende ondersteun en rig eksperimentele kennis aanbiedingskennis, wat op sy beurt weer proposisionele kennis ondersteun en rig, en so meer met betrekking tot praktiese kennis. Hierdie model demonstreer dat praktiese kennis die kulminasie en voltrekking van die voorafgaande lae is (Heron 1996: 166). Die sterkte en omvang van die basis- of grondlaag bepaal die struktuur se hoogte en die kwaliteit van kennis.


Tweepolige ooreenstemming as 'n dialektiese proses is soortgelyk aan die vorige model in die sin dat elke kennismodaliteit die volgende inlei en beïnvloed (Heron 1996: 167). Dit is 'n meer dialektiese en veranderlike visualisering wat nie spesifiek op praktiese kennis as die spits van die proses fokus nie. Die tweede model word beskou as meer aanduidend van hoe

kennisuitruiling in die werklikheid plaasvind en word as meer relevant beskou binne die konteks van hierdie artikel.

Om die epistemologiese aspek van die deelnemingsparadigma op te som, word kennis gekonseptualiseer as 'n holistiese, geïntegreerde konstruk (Polanyi 1962; 1966a; 1966b; Nonaka 1994; Heron 1996; Heron & Reason 1997; Niedderer 2007). Terwyl Polanyi (1958; 1962) die samehangende verband tussen die implisiete en eksplisiete kennisdimensies erken, bied Heron (1996) 'n meer genuanseerde ontwikkelingsgang van versweë kennis. Hy stel 'n subtieler epistemologiese verdeling voor deur te onderskei tussen eksperimentele, aanbiedings-, proposisionele- en praktiese kennisdimensies. Terwyl erkenning gegee word aan die feit dat hierdie kennisdimensies interverwant is, beweeg eksperimentele, aanbiedings- en praktykgerigte kennis meer in die rigting van die versweë kennisdimensie, terwyl proposisionele kennis geassosieer word met eksplisiete kennis. Bykomend word die vier kennis-onderskeidings as waardevol geag in terme van praktykgeleide navorsing omdat dit die bespreking van kennis as 'n holistiese konstruk fasiliteer. Aanbiedingskennis kan byvoorbeeld spesifiek verwys na die visualisering of visuele formaat van die kunswerk en kan die estetiese en konseptuele patrone daarin eien.



**Figuur 1**  
Tweepolige ooreenstemming (Heron, 1996: 167).



**Figuur 2**  
Tweepolige ooreenstemming as dialektiese proses (Heron, 1996: 167).

Die deelnemingsparadigma maak gebruik van 'n epistemologie wat gegrond is in kritiese subjektiwiteit. Dit beteken dat aandag geskenk word aan hierdie vier kennisvorme en hul onderliggende verhouding om 'n manier daar te stel waardeur die werklikheid leer ken kan word. Sodoende is dit die kombinasie van kennisvorme wat 'n nonreduksionistiese of 'n meer holistiese beeld van situasies en gebeure bied en nie net die proposisionele dimensie nie. Daarom is kennis die produk van gedeelde ervaring en linguistiese kulturele konstruksie. Dit is 'n intersubjektiewe aktiwiteit, wat gereguleer word deur die kritiese evaluering van mens se aksies en die aksies van andere.

Metodologies word die deelnemingsparadigma beïnvloed deur die begrip van kritiese subjektiwiteit wat vorm gegee word deur die interaksie tussen die vier kennismodaliteite. Navorsers en mede-navorsers werk gesamentlik mee in 'n gedeelde en inklusiewe dialoog wat demokraties van aard is en kritiese intersubjektiwiteit fasiliteer.

Die begrip van reflektiewe praktyk en inlewing (*indwelling*) wat daarop gemik is om die ervarings en deskundigheid van die praktisyn te benut, akkommodeer die konseptualisering van die verwantskap objek/subjek van die deelnemingsparadigma. Daarbenewens word kennis verkry in ondersoekende gemeenskappe, wat ingebed is in praktykgemeenskappe wat verwant is aan die samewerkende aard van kennisskepping soos voorgestaan in praktykgeleide navorsingsprojekte deur multi-praktisyns (Heron & Reason (1997: 290).

### **Praktykgeleide navorsing in die akademiese konteks en die verwantskap met die deelnemingsparadigma**

Volgens Scrivener, (2009: 70) word 'n aktiwiteit beskou as akademiese navorsing wanneer dit doelgerig geposisioneer word en aan die volgende algemene kenmerke en kriteria voldoen ten einde die bespreking te rig:

1) 'n Sistematiese ondersoek van 'n spesifieke onderwerp of verskynsel. [Dit kan beskou word as die metodologiese toestand en is verwant aan die geskiktheid van die metode om 'n logiese of ten minste 'n verdedigbare antwoord te verkry ten opsigte van die verskynsels wat ondersoek word (Scrivener 2009: 70–71; Biggs & Büchler 2008: 10)];

2) sistematiese ondersoeke wat intensioneel en doelbewus uitgevoer word. Die intensionele voorwaardeklousule hou verband met die aard van die identifisering en beantwoording van 'n spesifieke navorsingsvraag (Scrivener 2009: 70–71). Biggs (2006: 3) kom tot gevolgtrekking dat 'n navorser die voorneme behoort te hê om op oorspronklikheid aanspraak te maak deur 'n gekontekstualiseerde argument te openbaar vir waardebeoordeling;

3) om nuwe kennis, begrip en insigte te bekom;

4) die regverdiging en kommunisering van kennis wat te make het met die kontekstualisering van die betrokke ondersoek binne die raamwerk van die dissipline en die akademiese gemeenskap (Scrivener 2009: 70–71)]. Ten einde so 'n ondersoek binne 'n raamwerk te plaas, is van die bogenoemde generiese navorsingskriteria gebruik gemaak om die posisie van praktykgeleide navorsing binne die akademiese konteks te bepaal en om dit in ooreenstemming te bring met die deelnemingsparadigma.

## **'n Sistematiese ondersoek**

In terme van 'n sistematiese ondersoek word, soos reeds genoem, navorsing in die kreatiewe dissiplines beskou as 'n ontdekkingsreis, dikwels sonder 'n voorafbepaalde hipotese en wat in die grootste gedeelte ontwikkel vanaf die “onbekende na die bekende”. Dit is in teenstelling tot konvensionele navorsingsuitsette wat van die “bekende na die onbekende” beweeg.

Die metodologiese benadering sal uiteraard afhang van die teoretiese benadering wat op sy beurt weer gerig word deur die navorsingsparadigma. In teoreties-georiënteerde dissiplines suggereer die teorie normaalweg die metode, terwyl in praktykgeleide navorsing die praktyk, in samehang met die teoretiese raamwerk, die metode bepaal. Sodoende inisieer navorsing *oor* kuns (kritiese teorie/ kunshistoriese lees van kunswerke) en navorsing *deur* kuns (praktykgeleide navorsing) verskillende benaderings omdat hulle binne verskillende paradigmas funksioneer. Navorsing *oor* kuns is meer interpretatief en dialekties van aard as navorsing *deur* kuns, en funksioneer daarom gemaklik binne die krities-teoretiese paradigma.

Teoretici binne die krities-teoretiese paradigma, maak gebruik van teoretiese benaderingswyses en raamwerke. Postkoloniale en feministiese kritiek is voorbeelde van hoe die teorie die metode suggereer waarvolgens kunswerke gelees en geïnterpreteer word. Navorsing *deur* kuns is daarenteen meer in ooreenstemming met praktykgeleide navorsing en die deelnemingsparadigma as gevolg van die uitgebreide epistemologie wat dit betrek deur 'n waardebesef van sowel die versweë as die eksplisiete kennisdimensies. Gevolglik sluit navorsing *deur* kuns metodologiese benaderings in wat kreatiewe praktyk sentraal in die ondersoek plaas. Dit het 'n verskeidenheid kreatiewe prosesse, kunswerke en reflektiewe gesprekke tot gevolg. Dikwels laat hierdie gesprekke die moontlikheid om by ander dissiplines betrokke te raak om sodoende multidissiplinêre navorsing te ontlok (Gray & Malins 2004: x).

## **Die intensionele aspek van ondersoeke**

Sistematiese ondersoeke wat intensioneel en doelbewus beoefen word, is soos vroeër genoem, die intensionele voorwaardeklousule wat verwant is aan die begrip van die identifisering en beantwoording van geïdentifiseerde navorsingsvrae (Scrivener 2009: 70–71). Die standaard kunspraktyk [buite die akademiese konteks] het nie 'n spesifieke intensie om eksplisiete [geskrewe] kennis te bevorder nie. Hierteenoor word praktykgeleide navorsing beoefen met die uitsluitlike doel om relevant te wees in die professionele kunstewêreld en om 'n bydrae te lewer tot kennisverwerwing en -insig. Borgdorff (2011: 54) stel dat praktykgeleide navorsing 'n bydrae behoort te maak tot die ontwikkeling van kunspraktyk en behoort ook ons kognitiewe begrip te verbeter van wat kunspraktyk is, of kan wees. As sodanig, is praktykgeleide navorsing 'n dialektiese proses wat gelei word deur praktyk en verklaar word deur middel van verbandhoudende teorieë.

Die meeste navorsing in die akademiese konteks word intensioneel uitgevoer, of dit is om 'n kwalifikasie te verwerf of om deel te neem aan gesamentlike navorsingsprojekte. Intensionaliteit soos wat die term in die voorgaande paragraaf gebruik is, word beraam binne die parameters van die tradisionele navorsingsproses, wat die formulering van 'n navorsingsprobleem vereis. Die navorsingsprobleem vereis weer die formulering van 'n stel van navorsingsdoelwitte wat die studie lei. Die navorsingsproses vereis van die navorser dat deeglike navorsing gedoen word om 'n kennisgaping te identifiseer. Die navorser identifiseer 'n toepaslike teoretiese raamwerk om die ondersoek van die navorsingsprobleem te rig. Gevestigde strukture en prosedures soos 'n

navorsingsvoorstel [wat formaatsgewys mag verskil] en wat dieselfde basiese elemente bevat, gaan navorsing vooraf.

Die navorsingsvoorstel dien as 'n padkaart vir die duur van die navorsing en alhoewel die navorsingsvoorstel nie onbuigbaar is nie, lei en rig dit die navorsingsproses in 'n groot mate. 'n Tipiese kunshistoriese studie sal byvoorbeeld 'n kunstenaar, kunswerk en reeks werke of 'n kunsbeweging identifiseer, asook 'n lees en interpretasie van kunswerke deur middel van 'n spesifieke teorie of vanuit 'n spesifieke filosofiese of teoretiese raamwerk. Interpretasie kan beïnvloed word deur die kunstenaar se biografiese inligting, asook die sosio-politieke en ekonomiese kontekste en die invloed daarvan op die kunsebese van die kunstenaar en die tyd en plek waarin die kunstenaar leef en werk. As sodanig, word die kunswerk die objek van studie en die proses is grootliks afhanklik van vooraf-bepaalde teoretiese konstruksies. Alhoewel daar baie verskillende variasies in terme van navorsingsontwerp en metodologie is, is die navorsingsproses van die formulering van 'n hipotese of sentrale teoretiese stelling en die evaluering van die resultaat teen die doelwitte van die studie standaardpraktyk.

Praktykgeleide navorsing verskil van hierdie proses want dit word gewoonlik gelei deur die ondersoek en nie deur 'n hipotese nie (Borgdorff 2011: 56/57). Die proses moet die kunstenaar toelaat om byvoorbeeld van intuïsie gebruik te maak en om op onverwagte en verrassende resultate af te kom. Borgdorff (2011: 56) argumenteer dat die formulering van 'n navorsingsvraag die ondersoek mag beperk en daarom nie aan te bevele is nie. In teenstelling tot Borgdorff se argument, is ons van mening dat formulering van navorsingsvrae en doelwitte wel nuttig kan wees om die ondersoek te inisieer en te rig. Nietemin kan die ondersoek alternatiewe roetes volg of in verskillende rigtings ontwikkel. Terwyl dit verstaan word dat die rigting van tradisionele navorsing ook kan verander soos wat die navorsing ontwikkel, word hierdie veranderlikheid in praktykgeleide navorsing as onvermydelik beskou, spesifiek in die lig van die pluralistiese en dikwels samewerkende aard van praktykgeleide navorsing.

Ter ondersteuning van bogenoemde stel Sullivan (2009: 48; 2011: 100) dat akademiese navorsing 'n proses is wat werk vanaf die “bekende na die onbekende”. Die navorsingsroete in praktykgeleide navorsing is meer veranderlik, intuïtief, onverwags en onvoorspelbaar wat die werk vanaf die “onbekende na die bekende” insluit. Die veranderlike aard van 'n praktykgerigte ondersoek is vanweë die aanspraak op versweë kennis. In hierdie konteks word die teenwoordigheid van sentrale aspekte gedurende die praktyk ontmasker en sluit dit aan by oorsaaklike kennis waarvan die navorser onbewus mag wees maar wat op sy beurt die navorsing beïnvloed. Die vestiging van 'n presiese navorsingsroetekaart is problematies omdat dit 'n ondersoekende roete van ontdekkings is, soos wat Sullivan stel:

With this in mind, an interpretive perspective would assert that if you don't know where you're going, then it is best to surround a problem in order to solve it. Here, research and educational inquiry are based on the assumption that knowledge emerges from an analytic and holistic account through consensus and corroboration where patterns and themes are the elements used to represent complex realities. Knowledge in this sense is explored as a difference in 'kind' or quality, where insights are characterized by their particularity. This is how we construct plausible theory (Sullivan 2006: 19).

Terwyl dit nuttig is om 'n navorsingsvraag te formuleer ter wille van die generering van 'n gekontekstualiseerde praktykgeleide navorsingsbasis, kan so 'n vraag aangebied word as 'n tema eerder as 'n spesifieke navorsingsvraag (Schön 1983; Biggs & Büchler 2008: 9). Dit beteken nie dat die blote dokumentering van die kreatiewe proses as navorsing beskou kan word nie. Hierdie proses van ondersoek is nie 'n ondoelmatige, onsistematiese ondersoek nie en, in die akademiese konteks, is daar steeds die intensie om op oorspronklikheid aanspraak te maak met



die ondersteuning van 'n gekontekstualiseerde argument met die oog op 'n waardebeoordeling van die kreatiewe proses (vgl. Farber, 2010). Metodes en strukture wat die aard van praktykgeleide navorsing in ag neem (vgl. Scrivener and Chapman 2004: 6) is instrumenteel in die strukturering en rigtinggewing van die ondersoek. Dit is veral waar in die lig van die feit dat die deelnemingsparadigma 'n uitgebreide epistemologie bied van ervarings, aanbiedings, proposisionele en praktiese kennis (Heron & Reason 1997: 289).

### *Verkryging van nuwe kennis*

In terme van die verkryging van nuwe kennis, kan praktykgeleide navorsing 'n bydrae lewer in die oorbrugging van tradisionele proposisionele navorsing en kreatiewe praktyk. Kennis in hierdie konteks word beskou as 'n holistiese en non-reduksionistiese konsep wat sowel die versweë kennisdimensie as die eksplisiete kennisdimensie insluit. Praktykgeleide navorsing word gevolglik in die deelnemingsparadigma geplaas ten einde die uitgebreide epistemologie te kan benut deur reflektiewe praktyk. Sodoende word die eksperimentele versweë dimensie gemanifesteer as praktiese, eksperimentele en aanbiedingskennis wat gekontekstualiseer is as proposisionele kennis. Dit hou in dat 'n bydrae gelewer kan word tot kennisskepping en die ontwikkeling van teorievorming.

In ooreenstemming met die voorgaande, word die kommunikasie en regverdiging van kennis in verband gebring met die ontologiese en epistemologiese grondslag van die deelnemingsparadigma. Die versweë dimensies word geëkspliseer deur praktiese, eksperimentele en aanbiedingskennis, terwyl die proposisionele dimensie gekommunikeer en regverdig word in tekstuele terme. In hierdie konteks vorm die reflektiewe proses van die skeppingsproses, die finale kreatiewe produk en die tekstuele verduideliking 'n samehangende beeld van kennis. Hierdie tipe kennis benodig dikwels die gebruik van multimodale kennisbronne soos byvoorbeeld skets, video, klank, visuele joernale of 'n kombinasie daarvan. Die manier waarop kennis gekommunikeer en regverdig word, word bepaal deur die aard van die spesifieke ondersoek. In hierdie konteks vorm die reflektiewe proses van kunsskepping, die finalisering van kreatiewe uitsette en tekstuele eksplisering 'n geheelbeeld van kennis. Hierdie omvattende tipe kennis vereis dikwels die gebruikmaking van multimodale kennisbronne soos byvoorbeeld teken, video, klank, kunsboeke of 'n kombinasie daarvan. Die wyse waarop kennis gekommunikeer en krities mee omgegaan word, word bepaal deur die aard van die bepaalde ondersoek.

Bykomend is samewerking en samewerkende kennisinsameling, die deel en ontdekking van kennis deur middel van inter-subjektiewe ondersoeke, 'n hoeksteen van hierdie paradigma. Soos genoem, is die kunsverwante praktykgeleide navorsingsprojekte deur multi-praktisyns wat by die NWU uitgevoer word, samewerkende aktiwiteite wat binne die deelnemingsparadigma kan tuishoort. Hieruit maak ons die afleiding dat praktykgeleide navorsing binne die akademiese konteks kan plaasvind mits dit binne die deelnemingsparadigma geposisioneer en geëvalueer word.

Deur praktykgeleide navorsing binne hierdie paradigma te situeer, word ruimte geskep vir die aanwending van die subjektief-objektiewe ontologie en die uitgebreide epistemologie wat vir sowel versweë as proposisionele kennis waardering het. Dit fasiliteer die skep van 'n onderhandelbare posisie vir praktykgeleide navorsing binne die navorsingsmatriks en neutraliseer die tendens om praktykgeleide navorsing te evalueer deur onvanpaste navorsingsparadigmas.

Indien kunspraktisyns meer bewus is van die deelnemingsparadigma, mag hulle meer gewillig wees om hulle kunsbeoefening en -praktyk as navorsing te formaliseer.

### ***Kritiese omgang met kennis en die kommunisering van kennis***

Omdat kennisbydrae in terme van praktykgeleide navorsing 'n kombinasie is van versweë en eksplisiete kennis, behoort albei hierdie kennismodaliteite effektief gekommunikeer te word. Versweë kennis word geopenbaar deur die kreatiewe proses en kulmineer in 'n kreatiewe uitset wat as 'n kunswerk of artefak uitgestal en vertoon word. Eksplisiete kennis word gewoonlik gekommunikeer deur teks. Die eksegeese van navorsing deur die tekstuele en die konvensies van hierdie kommunikasiewyse geniet binne die akademiese konteks voorkeur. Die kommunisering van die versweë kennisdimensie is egter meer problematies. Soos aangetoon, word die kunswerk of kreatiewe uitset uiteraard blootgestel vir die moontlikheid van verskillende interpretasies. Dit moet egter gekontekstualiseer word om te kwalifiseer as praktykgeleide navorsing. Die kommunisering van en kritiese omgang met praktykgeleide navorsing impliseer dat dit duidelik gekommunikeer en gekontekstualiseer moet word binne 'n bestaande kennismodaliteit. In terme van praktykgeleide navorsing impliseer dit dat die finale artefak 'n kreatiewe uitset is. Sodoende word praktykgeleide navorsing beskou as die kontekstualisering van die oorspronklike kreatiewe uitset deur die kunspraktisyn.

Die deelnemingsparadigma met sy subjektiewe-objektiewe ontologie en krities-subjektiewe epistemologie is waardevol vir die verstaan van die regverdiging en kommunikasieproses. Van besondere belang is die vier kennismodaliteite, naamlik die eksperimentele, aanbiedings, proposisionele en praktykgerigte kennis en die interverwantskap in terme van die dialektiese prosesmodel (Heron 1996: 167). In hierdie model is die vier kennismodaliteite betrokke in 'n dialektiese dubbel-rigtinggewende interaksie. In hierdie konteks is eksperimentele, aanbiedings-, proposisionele en praktiese kennis gegrond, en ondersteunend tot mekaar. Indien praktykgeleide navorsing al hierdie kennismodaliteite en hul interverwantskap beklemtoon, kan dit kennis effektief kommunikeer.

In terme van die dokumentering, kommunisering en verspreiding van kennis, bied praktykgeleide navorsing 'n paar uitdagings. Dit is as gevolg van die tydelike aard van uitstallings wat dikwels ook plekgebonde en kontekstspesifiek is. Gevolglik kan dit nie geargiveer word in die oorspronklike formaat nie en is dit ook nie meer in sy oorspronklike vorm van 'n uitstalling beskikbaar nie. Dit is problematies in die akademiese konteks, omdat navorsers ideaalgesproke toegang sou wou verkry tot die kreatiewe produksie soos dit oorspronklik beplan en uitgevoer is deur die kunspraktisyn. Hierdie situasie is egter nie uniek aan praktykgeleide navorsing nie, omdat navorsingsmetodes soos aksie-navorsing vir die grootste gedeelte nie 'n fisiese objek en ook nie situasiespesifiek is nie en die situasie of aspekte wat nagevors word, moeilik herhaalbaar is (Archer 1995: 13).

Ten einde praktykgeleide navorsing beskikbaar te stel vir ander navorsers en terselfdertyd integriteit te behou, moet kreatiewe uitsette deeglik gedokumenteer word op wyses wat die oorspronklike konteks so na as moontlik aan die oorspronklike dokumenteer. Die doel van hierdie dokumentering is om by te dra tot die insameling van kennis en om 'n toeganklike argief te skep. Dokumentering kan uitgevoer word op verskillende wyses, soos om 'n video te maak, deur fotografie of opnames van onderhoude. Daarby kan die benutting van digitale tegnologie die geleentheid bied om verskeie media te kombineer, en beeld, proses en teks aaneen te skakel deur hiperskakels wat die dialektiese aard van die produksie vertoon. Die kunstenaar sou byvoorbeeld

prosesboeke met die nodige hiperskakels kon skep na toepaslike bronne met betrekking tot die skep van die kreatiewe uitset, soos byvoorbeeld die inspirasie, relevante teks en die finale kunswerk. Alhoewel dokumentasie nie opweeg teen die werklike gebeurtenis nie, kan sulke filmmateriaal herhaaldelik bestudeer word en nuttige navorsingsdata wees. 'n Voorbeeld van hierdie strategie is beskikbaar in die aanlynweergawe van die geakkrediteerde tydskrif *Literator* (2012: 1[33]) wat geskep is vir die *Oor die einders van die bladsy*-projek waar die artikels deur middel van 'n hiperskakel verbind is met die projekwebblad.

In terme van kenniskommunikering in die deelnemingsparadigma, word proposisionele kennis met eksperimentele en aanbiedingskennis gegroepeer ter wille van konteksskepping. Dit kan op verskeie maniere gedoen word, soos byvoorbeeld deur projekverslae of teoretiese besprekings van die kreatiewe prosesse en die finale kreatiewe uitsette. Die kombinasie van hierdie kennismodaliteite verseker dat daar nie van woorde en teks verwag word om die ervaring van die kreatiewe proses te vervang nie, en dat dit nie van die kreatiewe produksie verwag kan word om te dien as proposisionele inhoud nie.

In terme van 'n onderhandelbare posisie in die akademiese konteks, word van die akademiese gemeenskap verwag om in te skakel met hierdie kennismodaliteite en hulle te beoordeel volgens die geldigheid en kunstige vaardigheid waarmee hulle uitgevoer is. Op hul beurt, moet kreatiewe kunspraktisyns die kennismodaliteite op 'n verstaanbare wyse aanbied. Daarom is dit in die kombinasie van kommunisering en verspreiding van hierdie kennismodaliteite, gesteun deur die deelnemingsparadigma, wat praktykgeleide navorsing 'n bydrae kan lewer.

## Slot

Soos genoem in die inleiding, word praktykgeleide navorsing dikwels uitgevoer as samewerkende aktiwiteite. Dit is spesifiek waar in die geval van die kunsverwante projekte deur multi-praktisyns wat uitgevoer is op die NWU se Potchefstroomkampus die afgelope sewe jaar. Alhoewel hierdie projekte gekonseptualiseer is as praktykgeleide navorsingsprojekte, is betreklik min praktykgeleide navorsingsartikels gepubliseer. Die teendeel is waar, naamlik dat die meeste van die artikeluitsette uit die projek gekategoriseer sou kon word binne die krities-teoretiese paradigma. Soos aangetoon, is daar bepaalde aspekte wat hier in gedagte gehou moet word, soos byvoorbeeld dat kunshistorici gemaklik binne 'n krities-teoretiese paradigma hulle navorsingsuitsette lewer. Terwyl hierdie bydraes wat deur outeurs in die krities-teoretiese paradigma gelewer is as waardevol geag word, wil dit tog voorkom of die geskrewe navorsing wat uit hierdie projekte gevloei het, 'n voorkeur aan die krities-teoretiese paradigma gee. Ons het geargumenteer dat een van die redes hiervoor sou kon wees dat die deelnemende kreatiewe praktisyns die gevestigde en dominante krities-teoretiese paradigma aangeneem het. Hulle het met ander woorde nie ondersoek ingestel na 'n navorsingsparadigma wat geskik is vir die unieke behoeftes van praktykgeleide navorsing nie.

Om hierdie saak aan te spreek, stel ons voor dat die deelnemingsparadigma 'n beter paradigma vir kunsverwante projekte deur multi-praktisyns bied. Die rede hiervoor is dat een van die hoekstene vir hierdie paradigma is die begrip van samewerkende kennisversameling, en die deel en skep van kennis deur middel van inter-subjektiewe ondersoeke. Praktykgeleide navorsing is dikwels 'n samewerkende aktiwiteit waarin navorsingsvenootskappe gevorm word om 'n tema vanuit verskillende perspektiewe te ondersoek. Soos bespreek, is die kunsverwante praktykgeleide navorsingsprojekte deur multi-praktisyns aan die NWU deelnemende aktiwiteite en kan as sodanig gelokaliseer word binne die deelnemingsparadigma.

Binne hierdie konteks kan praktykgeleide navorsing steeds voldoen aan tradisionele navorsingskriteria wanneer dit binne die deelnemingsparadigma gesitueer en geëvalueer word. Deur die situering van praktykgeleide navorsing in hierdie paradigma laat ruimte vir die gebruik van 'n subjektief-objektiewe ontologie en 'n uitgebreide epistemologie wat sowel versweë as proposisionele kennis waardeer. Dit fasiliteer die skepping van 'n onderhandelde posisie vir praktykgeleide navorsing in die navorsingsmatriks en werk die funksionering of geneigdheid teen om praktykgeleide navorsing te evalueer deur middel van 'n navorsingsparadigma wat nie daarvoor geskik is nie.

Praktykgeleide navorsing toon 'n behoefte om die band met tradisionele navorsing te behou, maar om aspekte daarvan te herbedink om die spesifisiteit van kreatiewe praktyk te bewaar. Indien kreatiewe praktisyns wat deelneem aan kunsverwante praktykgeleide navorsingsprojekte deur multi-praktisyns bewus is van die deelnemingsparadigma en hulle navorsingsuitsette binne hierdie paradigma kan situeer, is dit moontlik dat meer praktykgeleide navorsing bekend kan word en 'n bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van praktykgeleide navorsing.

## Eindnota

In hierdie artikel word die term *tacit knowledge* vertaal met versweë of stilkennis waarby inbegrepe kennis is wat die kunstenaar oor beskik wat implisiet, ingebed en vanselfsprekend is.

## Aangehaalde werke

- Archer, B. 1995. The nature of research. *Co-design, interdisciplinary journal of design* January: p 6–13. <http://www.core77.com/research/thesisresearch.html> Date of accessed 06/06/2014.
- Biggs, M.A.R. 2002. The role of the artefact in art and design research. *International journal of design science and technology*, 10(2): 19–24.
- Biggs, M.A.R. 2006. Necessary, unnecessary and sufficient conditions. Design Research Society International Conference Proceedings, Lisbon, Portugal. [http://www.iade.pt/drs2006/wonderground/proceedings/fullpapers/DRS2006\\_0294.pdf](http://www.iade.pt/drs2006/wonderground/proceedings/fullpapers/DRS2006_0294.pdf) Date of access: 4 May. 2011.
- Biggs, M.A.R. & Büchler, D. 2007. Rigor and practice-based research. *Design Issues* 23: (3): 62–69.
- Biggs, M.A.R. & Büchler, D. 2008. Eight criteria for practice-based research in the creative and cultural industries. *Art, Design & Communication in Higher education*, 7(1): 5–18.
- Biggs, M.A.R. & Büchler, D. 2011. Communities, values, conventions and actions. (In Biggs, M. & Karlsson, H., eds. *The Routledge companion to research in the arts*. London: Routledge. p. 82–98).
- Borgdorff, H. 2011. The production of knowledge in artistic research. (In Biggs, M. & Karlsson, H., eds. *The Routledge companion to research in the arts*. London: Routledge. p. 44–63).
- Botha, J.R. 2009. Eyeing the creature: an exploration of mirth as a personal function of art. *Literator*, 30(1): 99–124.
- Botha, J.R. 2012. Comparing imagery in the greedy hippo and crouching tiger, hidden dragon. *Literator* 33(1), Art. #21, 9 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.21> 10 Date of access: 12 Nov. 2013.

- Candy, L. & Edmonds, E. 2011. Role of the artefact and frameworks for practice-based research. (In Biggs, M. & Karlsson, H., eds. *The Routledge companion to research in the arts*. London: Routledge. p. 120–138).
- Combrink, L. 2012. n Murgtere saak: 'n Gendermatige lees van *Boom van my lewe en Ad Hominiem*. *Literator* 33(1), Art. #24, 9 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.24> Date of access: 12 Nov. 2013.
- Combrink, L. & Marley, I.R. 2009. Practice-based research: tracking creative creatures in a research context. *Literator*, 30(1): 177–206. Date of access: 12 Nov. 2013.
- Durling, D. & K. Niedderer. 2007. The benefits and limits of investigative designing. Paper presented at the IASDR International Conference 2007. Hong Kong Polytechnic University. <http://niedderer.org/IASDR07DD.pdf> Date of access: 4 July. 2010.
- Farber, L. 2010. Foreword. on making; integrating approaches to practice-led research in art and design. University of Johannesburg p. 1–6.
- Farber, L. & Dreyer, E. 2012. The diary of Bertha Marks as a heterotopia, as articulated in the artwork, the futility of writing 24-page letters. *Literator* 33(1), Art. #29, 11 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.2> Date of access: 16 Oct. 2013
- Gray, C. & Malins, J. 2004. Visualizing research: a guide to the research process in art and design. Aldershot: Ashgate.
- Greyling, F. & Marley, I.R. 2009. Op die spoor van kreatiewe kreature: 'n interdissiplinêre ondersoek na die kreatiewe proses: projekbeskrywing. *Literator*, 30(1): 1–29.
- Greyling, F. 2009a. Skryfkunsstudente se ervaring van hul eie kreatiewe proses binne die konteks van die Op die spoor van kreatiewe kreature-projek: 'n narratiewe ontleding. *Literator*, 30(1): 149–176.
- Greyling, F. 2013. Tinboektoe toe: 'n Ruimtelike ontdekkingsreis. *Literator*, 34(2), Art. #428, 15 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v34i2.428>
- Guba, E.G. 1990. ed. *The paradigm dialog*. London: Sage.
- Guba, E.G. 1990. The alternative paradigm dialog. (In Guba, E.G., ed. *The paradigm dialog*. London: Sage. p.17–28).
- Guba, E.G. & Lincoln, Y.S. 1994. Competing paradigms in qualitative research. (In Denzin, N. & Lincoln, Y.S. eds. *Handbook of qualitative research*. Thousand Oaks, CA: Sage. p. 105–117).
- Haseman, B. 2006. A manifesto for performative research. *Media international Australia incorporating culture and policy: quarterly journal of media research and resources*, 118, 98–106. <http://eprints.qut.edu.au/3999/> Date of access: 22 Mar. 2007.
- Hattingh, R. 2009. Kom ek vertel vir jou 'n storie oor Lacan se objet petit a (“kleinletter-ander”): 'n outo-etnografiese verkenning van 'n kreatiewe persoon se ervaring tydens die skryf van 'n akademiese artikel oor die kreatiewe proses. *Literator*, 30(1): 125–148.
- Henning, E. 2004. *Finding your way in qualitative research*. Van Schaik publishers: Pretoria.
- Heron, J. 1996. *Co-operative inquiry: research into the human condition*. London: Sage.

- Heron, J. & Reason, P. 1997. A participatory inquiry paradigm. *Qualitative Inquiry*, 3: 274–294. <http://qix.sagepub.com/content/3/3/274.full.pdf+html> Date of access: 2 Feb. 2012.
- Horkheimer, M. 1972. Critical theory: selected essays. Translated by O’Connell *et. al.*: New York: Herder & Herder.
- Jakubik, M. 2007. Exploring the knowledge landscape: four emerging view of knowledge. *Journal of knowledge management*, 11(4): 6–19.
- Janik, A. 1998. Tacit knowledge, working life and scientific method. (In Göranson, B. and Josefson, I. *eds.* Knowledge, skill and artificial intelligence. London. P. 53–63).
- John-Steiner, V. 2000. Creative collaboration. New York: Oxford University Press.
- Kalvemark, T. 2011. University politics and practice-based research. (In Biggs, M & Karlsson, H., *eds.* The Routledge companion to research in the arts. London: Routledge. p.3 –23). <http://www.karosandkambro.co.za/>
- Kant, I. [1790] 2002. The critique of judgment. translated. by Wartenberg, T.E. (In Wartenberg, T.E. The nature of art: an anthology. Fort Worth : Harcourt College. p. 51–63).
- Kjørup, S. 2011. Pleading for plurality: artistic and other kinds of research. (In Biggs, M. & Karlsson, H., *eds.* The Routledge companion to research in the arts. London: Routledge. p. 24–43.)
- Kleyn, L. 2012. Ons kyk vanself – kreatiewe skryfkuns, konkrete poësie en ’n verset teen skrywersnorme. *Literator* 33(1), Art.#25, 16 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.25> Date of access: 16 Nov. 2013.
- Le-Clus-Theron, J. 2012. Seemingly “impossible” art forms: Strijdom van der Merwe’s land art in the context of the South African art market. *Literator* 33(1), Art. #26, 10 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.26> Date of access: 18 Nov. 2013
- Lincoln, Y.S. 1990. The making of a constructivist: a remembrance of transformations past. (In Guba, E.G., *ed.* The paradigm dialog. p. 67–85. London: Sage. (replace guba and Lincoln in text with Lincoln.)
- Literator*: 2009, Vol. 30(1). Special ed. Potchefstroom: Literator Vereniging van Suid-Afrika, Noordwes-Universiteit.
- Literator*, 2012. Vol. 33(1). Special ed. Potchefstroom: Literator Vereniging van Suid-Afrika, Noordwes-Universiteit. <http://www.literator.org.za/index.php/literator/issue/view/36> Date of access: 13 Aug. 2013.
- Lotz.C. 2009. Possible worlds: a reading of three artworks from the creative creatures exhibition. *Literator*, 30(1): 77–98.
- Mäkelä, M. & Routarinne, S. 2006. An introduction to the art of research. (In Mäkelä, M. & Routarinne, S., *eds.* The art of research: research practices. The University of Art and Design Helsinki. p. 12–38).
- Marley, I.R. 2012. Investigating the appropriateness of the theory of organisational knowledge creation as a management model for practice-led research. *Literator* 33(1), Art. #30, 10 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.30> Date of access: 13 Oct. 2013
- Marley, I.R. & Greyling, F. 2010. The Tracking Creative Creatures project: Negotiating space for interdisciplinary practice-led research at North-West

- University (in Farber, L., ed. On making; integrating approaches to practice-led research in art and design. University of Johannesburg. p. 169–182).
- Munro, A.J. 2011. Autoethnography as a research method in design research at universities. Extracted from the Sixth International DEFSA Conference Proceedings by the Design Education Forum of Southern Africa p. 156–163. ([www.defsa.org.za](http://www.defsa.org.za)) Date of access: 22 Feb. 2013.
- Niedderer, K. 2007. A Discourse on the Meaning of Knowledge in Art and Design Research. 7th International Conference of the European Academy of Design. Izmir, Turkey: European Academy of Design. Link
- Nonaka, I. & Von Krogh, G. 2009. Tacit knowledge and knowledge conversion: controversy and advancement in organizational knowledge creation theory. *Organization Science*, 20(3): 635–52. <http://orgsci.journal.informs.org/content/20/3/635.full.pdf+html> Date of access: 24 Aug. 2011.
- Nonaka, I. 1994. A dynamic theory of organizational knowledge creation. *Organization science*, 5(1): 14–37.
- Nonaka, I. & Von Krogh, G. 2009. Tacit knowledge and knowledge conversion: controversy and advancement in organizational knowledge creation theory, *Organization Science*, 20(3): 635–652.
- Nowotny, H. 2011. Foreword. (In Biggs, M & Karlsson, H., eds. The Routledge companion to research in the arts. London: Routledge. p. xvii–xxvi).
- O'Connor, B. ed. 2000. The Adorno reader. Oxford, UK : Blackwell Paton, D. Towards a theoretical underpinning of the book arts: applying Bakhtin's dialogism and heteroglossia to selected examples of the artist's book. *Literator* 33(1), Art. #353, 11 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.353> Date of access: 16 Oct. 2013.
- Polanyi, M. 1958. Personal Knowledge: towards a post-critical philosophy. London: Routledge & Kegan Paul Ltd.
- Polanyi, M. 1962. Tacit knowing: its bearing on some problems of philosophy. *Review of Modern Physics*, 34(4) 601–616.
- Polanyi, M. 1966a. The logic of tacit Inference. *Philosophy*, 41(155): 1–18. Cambridge: Cambridge University Press. <http://www.jstor.org/stable/3749034> Date of access: 6 Jul. 2011.
- Polanyi, M. 1966b. The tacit dimension. London: University of Chicago Press.
- Rust, C., Mottram, J., & Till, J. 2007. AHRC review of practice-led research in art design and architecture. <http://archive.org/details/ReviewOfPractice-edResearchInArtDesignArchitecture> Date of access: 17 April. 2011.
- Schön, D. 1983. The reflective practitioner: how professionals think in action. Aldershot: Ashgate.
- Schön, D. 1987. Educating the reflective practitioner: towards a new design for teaching and learning in professions. London: Jossey-Bass.
- Scrivener, S.A.R. 2002. The art object does not embody a form of knowledge. *Working Papers in Art and Design*, 2. [http://sitem.herts.ac.uk/artdes\\_research/papers/wpades/vol2/scrivenerfull.html](http://sitem.herts.ac.uk/artdes_research/papers/wpades/vol2/scrivenerfull.html) Date of access: 23 Nov. 2012.
- Scrivener, S. & Chapman, P. 2004. The

- practical implications of applying a theory of practice based research: a case study. Working papers in art and design. [http://sitem.herts.ac.uk/artdes\\_research/papers/wpades/vol3/ssfull.html](http://sitem.herts.ac.uk/artdes_research/papers/wpades/vol3/ssfull.html) Date of access: 21 Nov. 2010.
- Scrivener, S. 2009. The roles of art and design process and object in research (*In* Nimkulrat, N. & O' Riley, T. Reflections and connections on the relationship between creative production and academic research. University of Art and Design Helsinki. p.69 –80).
- Slager, H. 2011. Differential iconography. (*In* Biggs, M & Karlsson, H., eds. The Routledge companion to research in the arts. London: Routledge. p. 333–353).
- Smith, H. & Dean, R.T. eds. 2009. Practice-led research, research-led practice in the creative arts. Edinburgh University Press.
- Snyman, J.J. ed. 1997. Conceptions of social inquiry. Pretoria: HSRC.
- Sullivan, G. 2006. Artefacts as evidence within changing context: Working papers in art and design. [http://sitem.herts.ac.uk/artdes\\_research/papers/wpades/vol4/gfull.html](http://sitem.herts.ac.uk/artdes_research/papers/wpades/vol4/gfull.html) Date of access: 22 Nov. 2012.
- Sullivan, G. 2009. Making space: the purpose and place of practice-led research, (*In* Smith, H. & Dean, R.T. eds. Practice-led research, research-led practice in the creative. Edinburgh University Press: p. 41–65).
- Sullivan, G. 2011. Artistic cognition and creativity. (*In* Biggs, M. & Karlsson, H., eds. The Routledge companion to research in the arts. London: Routledge. p. 99–119).
- Swanepoel, M.C [Rita]. 2009. The grotesque as it appears in Western art history and in Ian Marley's creative creatures. *Literator*, 30(1): 31–54.
- Swanepoel, M.C.[Rita] 2012. Oor die einders van die bladsy as konseptuele kuns. *Literator* 33(1), Art. #31,8 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.3113> Date of access: 13 Oct. 2013.
- Swanepoel, M.C.[Rita] & Goosen, M. 2012. *Vervreemding in Leora Farber se The futility of writing 24-page letters* (2009). *Literator* 33(1), Art. #28, 8 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.28> Date of access: 18 Oct. 2013.
- Swanepoel, M.C.[Rita] & Van der Westhuizen, C.E. 2012. The Tambani project: a computer animation of 'The Greedy Hippo'. *Literator*, 33(1) Art. #27, 10 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.27> Date of access: 16 Oct. 2013.
- Van der Walt, D. 2012. *Die hebsugtige seekoei en rooikappie: die groteske in sprokies*. *Literator* 33(1), Art. #22, 8 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.22> Date of access: 15 Nov. 2013.
- Viljoen, H.M. 2009. Vyf digters in gesprek met Joshua and Ian Marley se kreative Kreature. *Literator*, 30(1): 55–76.

Ian Marley is 'n senior lektor in Grafiese Ontwerp aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Marley is ook 'n praktiserende kunstenaar met vele solo- en groepsuitstallings op sy kerfstok. Hy het 'n leidende rol gespeel in die navorsingsprojekte en in die vestiging van die navorsingsnis.

Rita Swanepoel is 'n leier van die navorsingsnis *Visuele narratiewe en kreatiewe uitsette deur interdisiplinêre en praktykgeleide navorsing*. Verskeie artikels het uit haar pen verskyn.